

**Woensdag 20 Mei**

**Skrifgedeelte: Markus 15:6-20**

**Fokusgedeelte: Markus 15:18**

**“Die koning van die Jode” is waarlik ons Koning!**

**D**ie kerkleiers van die Jode haat Jesus. In Markus 14:61 vra die Joodse Raad: *“Is jy die Christus, die Seun van Hom aan wie die lof toekom?”* *“Ek is”*, antwoord Jesus. Godslastering! roep die Raad uit.

Baie vroeg op die Vrydagoggend van Paasfees vergader die Joodse Raad om amptelik die aanklag teen Jesus op te stel. Hulle lewer Jesus oor aan goewerneur Pilatus. *“Is jy die Koning van die Jode?”* vra Pilatus. *“Dit is soos U sê”*, antwoord Jesus (Jes. 53:5-7 word vervul). Baie ander klagte. Hy swyg. Pilatus vind Jesus onskuldig, want hier voor Hom staan geen politieke rebel nie (Joh. 18-19).

Papbroek Pilatus laat die besluit oor aan die burgers: *“Wil julle hê dat ek die Koning van die Jode vir julle loslaat?”* Nee, Barabbas, die moordenaar! Die skuldige word vrygelaat. *“Wat moet ek met hom maak wat julle die Koning van die Jode noem?”* *“Kruisig Hom!”* skreeu die mense met haat.

Die soldate neem Jesus na hulle hoofkwartier. Die spot begin. 600 soldate spot Hom. Eers is Hy ge gesel. Hier kom die spottery. Hulle trek vir hom 'n pers mantel aan sodat Hy kammakastig lyk soos 'n Oosterse koning met 'n purperkleed. Hulle gee 'n swakke riet as septer. Hulle bons 'n doringkroon op sy hoof en slaan sadisties daarop. Sarkasties buig hulle spoegende: *“Ons groet u, Koning van die Jode!”*

Ek en jy is met die sondige dinge in ons lewe medeverantwoordelik vir Jesus se onskuldige skuldverklaring! Hy wat onskuldig is, word skuldig in ons plek. Hy neem ons straf op Hom sodat ons ware vrede kan ontvang. Jesus het geswyg sodat ons kan praat.

Roep in dankbaarheid uit tot God. Lewe soos iemand wat ontsettend dankbaar is dat jy nie jou skuld moet betaal nie. Lewe soos iemand wat klaar gespot is. Roep Jesus Christus aan as ware Koning, Oorwinnaar wat vir jou oorwinning gee!

*Sing: Psalm 67-2:1 (op die wysie van Ps. 33)*

*Ds. J van Schaik (Joop) (Randburg)*